

Handelinge 18:18-19:40 – God doen wonderbaarlike dinge in Efese

EFESIËRS

Paulus skryf sy brief aan die gemeente in Efese tydens sy gevangenskap in Rome, net na hy 'n soortgelyke brief aan die gemeente in Kolosse geskryf het. Ons gaan egter eers die volgende twee dae aandag gee aan die verhaal wat Lukas ons vertel van hulle verskillende besoeke aan Efese, voor ons aan die brief self aandag gee.

HANDELINGE 18:18-19:40 – GOD DOEN WONDERBAARLIKE DINGE IN EFESE

Voor jy die gedeelte lees, is dit goed om net weer te dink aan hoe Lukas hierdie tweede boek van hom skrywe.

- Hy vertel met die boek Handelinge die **storie van die redding van hierdie wêreld**, soos dit ontvou van Jerusalem – die hart van die Joodse volk – tot in Rome – die hart van die wêreldryk en –bevolking.
- Hy doen dit in **ses groot hoofstukke** (elke keer afgesluit met min of meer dieselfde opsommende opmerking oor die verspreiding van die evangelie):
 - Die verspreiding van die evangelie na *Jode* in **Jerusalem** (1:1-6:7);
 - Die verspreiding van die evangelie na *Jode* in **Judea, Galilea, Samaria** en **Afrika** (6:8-9:31);
 - Die verspreiding van die evangelie na *heidene* in **Seserea** (Noord-Palestina) met Saulus (Paulus) wat tot bekering kom (9:32-12:24);
 - Die verspreiding van die evangelie na **Asië** (12:25-16:5) wat alle mense insluit, Jode en Grieke;
 - Die verspreiding van die evangelie na **Europa** (16:6-19:20) wat alle mense insluit, Jode en Grieke;
 - Die verspreiding van die evangelie na **Rome** via die gevangenskap van Paulus (19:21-28:31) wat alle mense insluit, Jode en Grieke.
 - Die verhale van die gemeente van **Efese** val aan die einde van hoofstuk 5 en die begin van hoofstuk 6, waarin die evangelie nou die grense **na die hart van die politieke sisteme** van daardie tyd oorsteek.

18:18-23 – Paulus se eerste besoek aan Efese

Paulus kom aan die einde van sy tweede sendingreis, ongeveer in die jaar 51-52 nC, in Efese aan en bly daar vir 'n kort rukkie. Hy het waarskynlik by Akwila en Priscilla gebly. Hulle het 'n huis in Efese gehad – 1 Kor 16:19. Hy wou egter nie lank bly nie, en belowe om met 'n volgende reis weer by hulle aan te doen. Hy vertrek dus, doen Jerusalem aan, en voltooi sy tweede sendingreis met 'n tyd in Antiogië.

18:24-28 – Die bediening van Apollos in Efese

Dan vertrek Paulus weer op sy derde sendingreis, 'n geestelike reis van versterking. Die groot fokuspunt op hierdie reis is **Efese**.

Voor ons egter meer daaroor hoor, vertel Lukas eers ietsie meer oor die bediening van Apollos. Apollos, 'n begaafde prediker (Hand 18:24), doen groot voorbereidende werk, en sit dit voort met die ondersteuning van die gelowiges in Korinte soos ons hier lees en ook later in die Korinte brief (1 Kor 3:1-9 – waar Paulus hulle bediening vergelyk, maar ondergeskik maak aan die groei wat God gee).

Let op dat Apollos nie weer gedoop word nie – al het hy net van die doop van Johannes geweet – en net dieper ingelei word in wat die evangelie van Jesus Christus alles behels. Hy het reeds die genade van Jesus ontvang, maar moes meer leer van die praktyke wat daarmee saamgaan.

19:1-40 – Paulus se bediening met sy tweede besoek aan Efese

Hierdie deel van Paulus se bediening in Efese word in drie episodes vertel: 1) die verhaal van die uitstorting van die Heilige Gees, 2) die verhaal van die seuns van Skeva, en 3) die verhaal van die oproer in Efese.

Uitstorting van die Heilige Gees

Interessant is die onderwerp van die doop van Johannes wat Lukas hier aanraak,

- eerstens in die vorige verhaal van Apollos, wat net dieper ingelei word in die betekenis van die evangelie van Jesus, sonder om weer gedoop te word, en
- tweedens in die verhaal van die groepie *dissipels* (dit is die eintlike Griekse woord wat hier met *gelowiges* vertaal word) in die binneland, wat nog in die verwagting van Jesus en die Gees gelewe het, soos Johannes die Doper dit verkondig het, en nou beide die doop met water en die gawe van die Heilige Gees ontvang.

Let op dat hulle altesaam omtrent twaalf was, wat herinner aan die aanvanklike twaalf dissipels wat Jesus gekies het.

Omdat Paulus in sy brief aan die Efesiërs later weer oor die doop en verwante sake sal gesels, gee ek hier ietsie meer oor die doop:

Die doop van Johannes teenoor die doop van Jesus

Die teks kontrasteer die doop van Johannes met die doop in die Naam van die Here Jesus.

Die **doop van Johannes** was 'n **bekeringsdoop**. Dit was 'n teken van verootmoediging en skuldbelydenis voor God. Jesus ondergaan ook die doop van Johannes om sy bediening te begin met 'n identifikasie met die volk se sonde en vervreemding van God om sy werk as Middelaar tussen God en mens te kan vervul, om saam met hulle en namens hulle om God se genade te smee. Johannes se doop is dus 'n kreet om redding. Dit is **ons woord aan God** om te vra vir sy genade.

Die **doop in die Naam van Jesus** was 'n **bevestigingsdoop**. Dit word ingestel nadat Jesus se verlossingswerk plaasgevind het, nadat God sy offer aan die kruis aanvaar het, en deur die

opstanding begroet het. Hierdie doop beseël God se trou, die waarheid van God se beloftes, die insluiting van die gedoopte in God se genadekring, en sodoende die vaste verbintenis (verbond) wat God met mense maak. Dit is **God se woord aan ons** dat Hy ons insluit in sy verbond van genade.

Die Christelike doop is dus iets anders as die doop van Johannes. Laasgenoemde is 'n kreet om redding. Die Christelike doop is die diepe bevestiging van God se redding, en van God se inisiatief om mense in te sluit in 'n band met God.

Die doop van Johannes wys vooruit, roep vooruit, na God om in te gryp in die omstandighede van sy volk. Dit bely en vra vergifnis. Die doop in Christus se werk in verteenwoordig God se genadige antwoord. Dit is God se boodskap van aanvaarding, omhelsing en versoening met sondaars. Die Christelike doop doen iets aan die gedoopte: dit is God se aksie in die lewe van die gedoopte, en die gemeenskap van gedooptes.

Seuns van Skeva

Paulus doen vir nog twee jaar groot werk hier (in totaal uiteindelik 3 jaar lank – Hand 20:31), aanvanklik in die sinagoge, en later in die saal van Tirannus. Let op hoe die wonderdade wat God deur Paulus doen, uitgelig word, selfs deur sy klere, net soos dit vroeër van Petrus gesê is (selfs sy skaduwee – Hand 5:12-16) en van Jesus (ook sy klere – Mark 5:27; 6:56). Dit word skerp gekontrasteer met die seuns van Skeva wat munt wil slaan uit die nuwe godsdiens, en dan erg uitgevang word as skynheiliges en bedroë daarvan afkom.

Die effek op die stad is dat baie tot bekering kom en afstand doen van hulle bose werke. Daarmee is die towergodsdiens van Efese 'n gevoelige slag toegedien, iets waarby Paulus sal aansluit in die laaste hoofstuk van sy brief aan die Efesiërs.

Let op hoe Lukas aan die einde van hierdie deel van Paulus se bediening in Efese dit afsluit met dieselfde opsommende opmerkings van die vorige 5 hoofstukke van sy verhaal: *“So het die woord van die Here sy krag getoon en al hoe verder versprei.”* (19:20). Die laaste hoofstuk van sy verhaal begin dus met die verhaal van die oproer in Efese waarmee ook die volgende fase in Paulus se bediening begin.

Terloops, dit is ook hier waar Paulus waarskynlik van sy briewe aan die Korintiërs geskrywe het.

Die oproer in Efese

Die evangelie van Jesus Christus sal nou tot in die hartjie van die hoofstad van die Romeinse ryk geneem word. Paulus besluit om terug te gaan na Griekeland – Masedonië (met die stede Filippi en Tessalonika) en Agaje (met hoofstad Korinte) – en dan na Jerusalem en uiteindelik ook Rome te gaan. Hy stuur Timoteus en Erastus vooruit en bly nog 'n ruk lank in Efese (Turkye). Daarmee word die breë lyne van die verhaal wat hom gaan afspeel na die einde van die Handeling getrek.

Die botsing tussen die Christelike godsdiens (die leer van die Here) en die heidense godsdienste van Efese bereik nou 'n hoogtepunt, met veral die vakmanne wat beswaar maak teen die effek wat die Christelike geloof op hulle beroepsbeoefening het. Demetrius stook die onrus aan vanuit sy persoonlike situasie, maar spel ook die gevolge uit wat die evangelie op die publieke respek vir die godin Artemis het, en haar aanhang sal laat kwyn, en natuurlik hulle inkomste dan sal bedreig.

Chaos heers totdat die stadsklerk hulle tot bedaring bring met 'n verstommende wyse woord. Dit is 'n oorwinning in die klein vir die Christelike godsdiens en is ook 'n getuigenis dat mense se harte nie gewen word deur mag en geweld nie, maar deur respekvolle gespreke wat tot oortuigings kan lei.

Handelinge 20:17-38 – Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang

Paulus kom terug na Efese na sy reis na Masedonië, Griekeland, waar hy vir drie maande bly terwyl hy die gelowiges oral bemoedig. Dit is opvallend hoe baie gelowiges uit die verskillende stede waar hy die evangelie verkondig het saam met hom reis, 'n hele gevolg, wat die krag van die evangelie demonstreer.

Paulus reis dan weer terug na Troas (Turkye), waar hy – soos Petrus Dorkas uit die dood opgewek het – ook vir Eutigus uit die dood opwek, wat die gelowiges, ten spyte van hulle vaak lywe, buitengewoon bemoedig het.

Terwyl hy reeds begin het met die reis na Jerusalem, wil hy nog vir oulaas met die ouderlinge van die gemeente in Efese praat en hy reël dat hulle mekaar ontmoet in Milete, so 60 km van Efese aan die kus.

Let op met hoeveel deernis en passie hy met hulle praat, asook die groot hartseer waarmee hulle van mekaar afskeid neem. Paulus rig 'n roerende pleidooi tot hulle om die kudde van die Here op te pas. Hy draai nie doekies om oor die lyding wat hulle sal verduur nie, dinge wat ook vir hom voorlê op sy pad, soos die Heilige Gees hom geruime tyd al op voorberei (20:23).

Hierdie toespraak gee 'n mens 'n roerende kykie in die passie wat hierdie groot Godsmen gedryf het – al is sy lewe vir hom kosbaar, wil hy net sy lewensstaak voltooi en die dienswerk wat hy van die Here Jesus gekry het, klaarmaak: dit is om die evangelie van God se genade te verkondig (20:24).

Hy som sy bediening op met die woorde waaraan hy ook vir hulle herinner: “om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang.” Onder baie tranes en gebed rig hy sy voetstaptes na Jerusalem, ten spyte van die feit dat hy weet, soos God hom oortuig het, dat dit nie met hom goed sal gaan wanneer hy daar kom nie. 'n Mens dink aan die ervaring van Jesus in Getsemane, hoewel Hy nie kon staatmaak op sy metgeselle in sy uur van nood nie, en Paulus hier 'n hele skare het wat hom bemoedig.

DIE BRIEF AAN DIE EFESIËRS

Die brief aan die gemeente in Efese is die brief met die duidelikste uiteensetting in die Nuwe Testament van wat die kerk is, en hoe die kerk moet funksioneer. Dit is duidelik dat Paulus alles wat hy by die Here oor die kerk geleer het, en in die praktyk gesien het dat dit werk, aan die gemeente deurgee om hulle te motiveer om as gemeente te groei in volwassenheid, sodat hierdie wêreld kan glo.

Die brief is deur Paulus geskrywe, maar vanweë die meer onpersoonlike aard van die brief (hy noem niemand by die naam nie, behalwe Tigikus wat die brief aflewer) moontlik aan meer gemeentes gerig as net aan Efese. Soos die ander gevangenskap briewe is Rome die meer waarskynlike plek vanwaar hy die brief geskryf het, hoewel Seserea of Efese ook moontlikhede is.

Die brief val duidelik in twee helftes uiteen:

- 'n **Teologiese begroning** van die evangelie van Christus Jesus wat 'n nuwe mensheid tot stand gebring het oor die grense van nasies heen – hoofstuk 1-3.
- **Praktiese riglyne** oor die eenheid van die kerk, die gebruik van gawes, die uitdagings van dissipelskap, die eise van 'n lewenstyl in die lig, 'n fokus op verhoudinge en 'n oproep tot publieke standvastigheid – hoofstuk 4-6.

Daar is baie raakpunte met die brief aan Kolosse en selfs met die brief aan Filippi (mense van die lig bv).

Efesiërs 1:1-23 – God seën ons om alles in almal te vervul

Onthou om eers tot rus te kom en self die Bybelgedeelte te lees, voor jy my opmerkings lees. Die volgende formaat sal jou daarmee help:

RUS

- Raak bewus van jou diepste behoeftes.
- Gee dit in gebed aan God.

HOOR

- Lees die Skrifgedeelte.
- Dink na oor wat jou daarin tref.
- Lees my verhelderende opmerkings.

LEEF

- Wat is die Here besig om jou te leer?
- Sluit met gebed af.

Verhelderende opmerkings

Efese was 'n groot en belangrike stad in wat ons vandag ken as Turkye. Historici bereken dat daar ongeveer 250 000 mense gewoon het aan die begin van ons jaartelling. Die tempel van Artemis (vgl Hand 19), een van die sewe wonders van die antieke wêreld, was ook daar. Vandag is daar net ruïnes oor van Efese, naby die moderne stad Selçuk.

Paulus begin sy brief aan hulle met 'n *gesprek* met die gemeente wat uitmond in 'n *gebed*. In dié gesprek loof hy God die Vader vir al die seëninge van die Gees wat daar in Christus Jesus aan ons gegee is (1:3-14). In sy gebed bid hy dat die gemeente van Efese God werklik sal kan ken (1:15-23).

Dit is al genoeg om oor na te dink! God het ons geseën met alles wat ons nodig het vir hierdie lewe. Die kern daarvan is dat ons God kan ken en met Hom in verhouding kan lewe. Ons oë moet net al hoe meer daarvoor oopgaan. Dit is iets waarvoor ons self kan en moet bid. En dit is iets wat ons van God kan verwag – ook vandag.

Let verder op na die volgende in vers 3-14:

- Paulus herinner hulle aan die rykdom wat daar in God is as Vader, Gees en Seun. Dit is hierdie tipe uitsprake wat die vroeë kerk oortuig het van die lering van die **Triniteit**. Maar let ook op dat Paulus nie probeer om die lering regtig te verduidelik nie. Hy erken dit net, maak die gemeente opgewonde daaroor en raai hulle aan om hierdie God te loof en te leer ken.
- Kyk na die opeenvolgende werkwoorde in hierdie gedeelte. Dit help baie om Paulus se gedagtegang te volg en dieper in sy boodskap in te kom. Let op bv na die werkwoorde waarmee Paulus **God se werk in ons** beskryf in vers 4-6: *uitverkies, bestem, prys*. God het ons met die hand uitgesoek; Hy het sy kinders gemaak; Daarom moet ons Hom prys. Dit beteken vir my my dat ek nie sy arm hoef te draai om vir my lief te wees nie. Ek hoef ook Hom ook nie te probeer beïndruk met wat ek doen nie. Ek kan maar net rustig sy geselskap opsoek en met Hom in gemeenskap lewe. Jy kan dit met ander werkwoorde ook doen (en ook met ander Bybelgedeeltes).
- Wat my tref – en waaroor ek die res van die dag wil nadink – is dat God ons gekies het om *heilig en onberispelik voor Hom te wees* (vers 4). Dit sê vir my drie dinge: dat ek iets van God moet uitstraal vandag (heilig); dat ek in alles sal streef daarna om reg te doen (onberispelik); dat ek bewus van God sal lewe in alles wat ek doen (voor Hom). **Dit is hoe prakties die geestelike lewe is.** Laat my dink aan Miga 6:8 wat in soortgelyke taal sê dat al wat God van ons vra is om reg te laat geskied, liefde en trou te bewys en bedagsaam te lewe voor God.
- **Die uitverkiesing gebeur “in Christus”**, soos vers 4 sê. Die feit dat God dit voor die skepping van die wêreld besluit het, beteken dat God se besluit van die begin af vasstaan. Ons kan daarop reken dat dit vir ons ook waar is. Die feit dat dit “in Christus” is, beteken dat alles aan ons binne die verhouding met Christus geskenk word. Dit is waarom dit so uiters belangrik is om in 'n verhouding met Hom te lewe. Sonder dié verhouding loop ons die gevaar om God se gawes aan ons te mis.
- Let op hoe Paulus in 12 tot 14 met die voornaamwoorde die **eenheid** beklemtoon wat in Christus gekom het. Hy praat eers van die Jode met die gebruik van die voornaamwoord *ons*: “*ons*, die eerstes wat *ons* hoop op Christus gestel het”. Dan praat hy van die gelowiges uit die heidense volkere met die gebruik van die voornaamwoord *julle*:

“Deur Christus het ook *julle* deel geword van die volk van God”. Dan praat hy van die Heilige Gees wat “*julle* as die eiendom van God beseël (het)” (die gelowiges uit die heidene) en op soortgelyke wyse van die Heilige Gees wat die “waarborg (is) dat *ons* ook verder sal ontvang wat God belowe het” (die gelowiges uit die Jode). In taal wat ‘n mens nogal sterk herinner aan Petrus se woorde op Pinksterdag (Hand 2:38-39) begrond Hy dus die eenheid tussen gelowiges uit die Jodedom en die heidendom in die geloof in Christus en in gawe van die Heilige Gees. Daarmee spel Paulus die praktiese implikasies uit van die eenheid waarop God die Vader besluit het, om “alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus” (vers 10). En let op dat die eenheid kosmies van aard is, en nie net kerklik nie.

Let ook op na die volgende interessante perspektiewe in vers 15-23:

- Saam met die dankgebed aan God vir hulle *geloof* en *liefde*, bid Hy indringend dat God die **hoop** in hulle verder sal aanwakker. Dit is merkwaardig hoe baie kere Paulus oor hierdie drieling geloof, hoop en liefde skrywe – in ‘n sekere sin een van die kortste opsommings van waaroor dissipelskap gaan (1 Kor 13:13 en vele ander plekke in Paulus se briewe). Paulus hoor dus van hulle dat hulle geloof en liefde groei en dat mense daarvan praat, maar dat hulle sukkel met die vashou aan God se toekoms vir hulle.
- Daarom bid hy dat hulle geestoeë sal oopgaan om die hoop juis in drie goed te sien: 1) in hulle **roeping** hier en nou waarvoor hulle met al die geestelike seëninge in die hemel geseën is, 2) in hulle hemelse **erfenis** wat nie deur aardse gebeure geraak kan en sal word nie en 3) in die groot **krag** van God wat in hulle aan die werk is; ‘n krag wat met die opstanding en hemelvaart van Jesus Christus gedemonstreer is, en vir hulle as ‘n voorbeeld dien van wat God alles nog vir hulle kan doen.
- Let op dat die **posisie van Christus** as: “hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy” uitgespel word. Dit het volgens Paulus nie net betrekking op wat nou aan die gebeur is nie, maar sal selfs in die bedeling wat kom (die nuwe hemel en aarde) van krag wees. En dit is dié Jesus wat die hoof van die kerk is. Ons sal later meer hieroor nadink, veral in hoofstuk 3 en dan weer in hoofstuk 6.
- En dan een van die rykste en wonderlikste uitsprake oor die kerk – vers 23 – “**Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.**” ‘n Mens kan baie hieroor sê, maar dink net nou eers oor die een revolusionêre ding. Paulus sê hier dat die kerk deur God gebruik word “om alles in almal te vervul”. Dit is nie ‘n klein en onbelangrike opdrag nie. Om die waarheid te sê, dit is meer as ‘n opdrag. Dit word beskrywe as iets wat doodgewoon gebeur ... en ons moet daarby inskakel.

Efesiërs 2:1-22 – God woon in die gemeenskap van gelowiges

Uit die gesprek en gebed van hoofstuk 1 trek Paulus nou **vier gevolgtrekkings** in hoofstuk 2-3 wat hy met 'n verskeidenheid beelde inkleur. 'n Mens kan dit so opsom:

1. God gee aan alle gelowiges plek by Hom as getuienis van sy goedheid – 2:1-10;
2. Joodse en heidense gelowiges is saam een nuwe mensheid in Christus – 2:11-18;
3. God woon in hierdie gemeenskap van gelowiges as getuienis aan die mensdom – 2:19-22.
4. Alle mense kan deel word van die Godsvolk deur Christus Jesus – 3:1-13

Hy sluit dié gevolgtrekkings af met een van die mooiste gebede in die Bybel – 3:14-21 – waarin hy vra dat hierdie hele gemeenskap van gelowiges heeltemal vervul sal word met die volheid van God, as 'n getuienis aan alle mense dat hulle in Christus Jesus vrede met God kan geniet.

Ons lees vandag net hoofstuk 2 en met die volgende bydrae hoofstuk 3.

RUS

- Raak bewus van jou diepste behoeftes.
- Gee dit in gebed aan God.

HOOR

- Lees die Skrifgedeelte.
- Dink na oor wat jou daarin tref.
- Lees my paar verhelderende opmerkings.

God gee aan alle gelowiges plek by Hom as getuienis van sy goedheid – 2:1-10

- Paulus eggo weer die refrein wat 'n mens in hierdie gevangenskap briewe raaksien, dat God aan ons saam met Christus 'n plek in die hemel, dws in Sy teenwoordigheid gegee het. Hy doen dit uiteraard ter wille van ons, omdat ons Sy kinders in Christus Jesus is. Maar Hy doen dit ook om aan die wêreld sy geweldige groot genade ten toon te stel as getuienis van sy goedheid wat vir almal bedoel is. Hy maak van mense wat sy vyande was, sy vriende.

- 'n Mens kan vers 10 ook as volg vertaal: *“Want ons is sy meesterstuk, geskep in Christus Jesus vir uitnemende projekte, wat God voorberei het, dat ons dit sal uitvoer.”* Dit is 'n baie belangrike perspektief op die geestelike lewe. Ons doen nie maar wat ons wil, of wat een of ander geestelike leier vir ons voorsê nie. Ons hoor by God in Sy Woord en deur Sy Gees watter dinge Hy wil hê ons by betrokke moet raak – en dit is die dinge wat ons dan doen. Dit is presies wat Jesus bedoel het, toe hy aan sy dissipels gesê het (in die verhaal van die Samaritaanse vrou by die put van Jakob): *“My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi.”* (Joh 4:34).

Joodse en heidense gelowiges is saam een nuwe mensheid in Christus – 2:11-18

- Paulus kontrasteer hier die “onbesnedenes” – dit is dié nie-Jode wat nie in God geglo het nie – met die “besnedenes” – dit is die Jode wat deel van die Godsvolk was. Christus het die vyandskap wat tussen dié twee groot groepe bestaan het, afgebreek soos 'n mens 'n muur sou afbreek. Daar is nou een nuwe mensheid wat nie net met God nie, maar ook met mekaar versoen is, en nou om vrede met God en mekaar kan (en natuurlik moet) lewe.
- Let op dat die mikpunt van hierdie eenheid die onbelemmerde vrye toegang tot die Vader is deur die werk van die een Gees.

God woon in hierdie gemeenskap van gelowiges as getuienis aan die mensdom – 2:19-22

- Paulus gebruik 5 beskrywings van hierdie gemeenskap van gelowiges: 1) medeburgers, 2) huisgesin, 3) gebou, 4) tempel, 5) geestelike huis. Die eerste twee beelde kom uit die samelewing uit: die politieke en nasionale sfeer, en die kleiner familie-kring. Die laaste drie beelde kom uit die boubedryf uit, maar word duidelik geestelik bedoel. Let op dat die gemeenskap van gelowiges nou die tempel is, en nie 'n kerk nie.
- Wat my besonderlik tref is dat Paulus hier skryf dat die gemeenskap van gelowiges 'n plek word waar God woon. Soos Hy vir ons 'n plek in Sy teenwoordigheid gegee het, so kry Hy 'n plek by ons, in ons teenwoordigheid. En weereens, dit is nie net ter wille van onself nie, maar sodat Sy teenwoordigheid sigbaar kan word vir die wêreld (soos in hoofstuk 3 verder gemotiveer sal word). Die kerk, as liggaam van Christus, is in 'n besondere sin nou die beeld van God, die *imago Dei*, soos die mens dit aanvanklik was (Gen 1:26). 'n Kerklike gemeenskap wat nie hiervoor leef nie, mis sy doel.

Efesiërs 3:1-21 – God vervul ons met krag, geloof, liefde, insig, ervaring en Sy volheid

In hoofstuk 2 het ons drie van Paulus se vier gevolgtrekkings oor die kerk gelees, wat voortvloei uit die baie belangrike stelling oor die kerk in hoofstuk 1:22-23: dat God Jesus oor alles in hemel en aarde aangestel het, en dat die kerk sy liggaam is: *“die volheid van Hom wat alles in almal vervul”*.

Ons lees vandag die vierde gevolgtrekking: **“Alle mense kan deel word van die Godsvolk deur Christus Jesus”** in 3:1-13, waarna ons een van die mooiste gebede in die Bybel – 3:14-21 – sal lees, waarin Paulus vra dat die hele gemeenskap van gelowiges heeltemal vervul sal word met die volheid van God, as ‘n getuienis aan alle mense dat hulle in Christus Jesus vrede met God kan geniet.

RUS

- Raak bewus van jou diepste behoeftes.
- Gee dit in gebed aan God.

HOOR

- Lees die Skrifgedeelte.
- Dink na oor wat jou daarin tref.
- Lees my paar verhelderende opmerkings.

Alle mense kan deel word van die Godsvolk deur Christus Jesus – 3:1-13

Let op dat Paulus die gelowiges uit die heidene nie net bemoedig van vers 2 af nie, maar dit in ‘n konteks van ‘n gebed doen: *“Daarom bid ek vir julle wat nie Jode is nie ...”*. Dit is vanuit sy perspektief op wie God is en wat Hy doen, dat Hy die boodskap van insluiting bring. Hy wil hulle dus aanmoedig om nie te luister na mense wat moontlik ‘n ander boodskap aan hulle bring, dat hulle tweedehandse burgers van die koninkryk, of nog erger, steeds buite die koninkryk is nie.

Die geheimenis wat aan Paulus openbaar is, is die goeie boodskap wat hy aan hulle verkondig: **in Christus kan alle mense deel word van die Godsvolk**. Om die waarheid te sê, presies dít is Paulus se opdrag, om aan alle mense hierdie goeie nuus te bring, om die misterie aan almal bekend te maak, dat hulle in Christus Jesus in verhouding met God kan leef. Let op hoe hy die boodskap ook fundeer in God as Skepper van alle dinge (3:9) en dat dit 'n boodskap is wat selfs aan elke mag en gesag van die kosmos bekend gemaak moet word.

Paulus wil hulle verder bemoedig om nie moedeloos te word, omdat hy om hulle ontwil ly en in die tronk sit nie. Hulle moet dit eerder as 'n eer beskou. Die agtergrond hiervan is dat Paulus juis nou in die tronk is weens die aanklag dat hy die tempel in Jerusalem ontheilig het deur 'n Griek saam met hom daarheen te neem (Hand 21:27-29). Hoewel dit onwaar was, het dit waarskynlik die Efesiërs ontstel, want dié Griek was Trofimus, wat juis van Efese afkomstig was. Paulus wil hulle bemoedig deur hulle te wys daarop dat in die uitvoering van sy opdrag gebeur het, en dat hulle God se hand daarin moet raaksien.

Mag Christus in julle harte woon, gewortel en gegrondves in die liefde – 3:14-21

Die gevolgtrekking dat alle mense deel kan wees van die Godsvolk, dring Paulus op sy knieë om van God self te vra dat dié rykdom van hierdie boodskap in sy volheid nie net deur hulle nie, maar deur alle gelowiges en nog wyer besef sal word. Hy sal in hoofstuk 4 weer terugkeer om die gelowiges aan te spoor om self ernstig daaraan te werk om die eenheid wat die Gees tussen hulle gesmee het, te handhaaf. Hier is sy fokus egter om dit van God te vra.

Let op hoe Paulus hier oor die gemeenskap van gelowiges praat. Hy beskou hulle as 'n **familie** – dit is wat die woord *gemeenskap* (patria) in vers 14 eintlik beteken. Dit is 'n familie wat die grense van tyd oorskry – hulle is in die hemel en die aarde. Dit is ook 'n familie wat deur die geslagte heen EEN gemeenskap bly – vers 21.

En sy droomgebed vir hierdie familie van gelowiges is dat hulle almal werklik heeltemal vervul sal word met die volheid van God – soos hy al in 1:23 God se droom vir die kerk uitgespel het. Hy spel dit in ses bedes uit:

- Hulle het in die eerste plek innerlike **krag** nodig – iets wat die Gees doen in ons harte en wat die hoop in ons brandend hou.
- Hulle het in die tweede plek **geloof** nodig, want dit is hoe Christus 'n woonplek in ons harte kry, sodat Hy 'n werklikheid in elkeen word.
- Daardeur sal hulle hele lewe in die derde plek in die **liefde** gewortel en gegrondves wees, wat onontbeerlik is om werklik vrug te kan dra.
- Paulus bid ook dat hulle in die vierde plek sal groei in hulle **insig** in hoe ver die liefde van Christus strek, want dit sluit alles en almal in. Let op hoe Paulus letterlik die liefde van Christus as 'n soort driedimensionele kubus beskryf wat ons hele werklikheid insluit. Paulus se dimensies van wyd, ver, hoog, en diep beskryf 'n driedimensionele werklikheid, die breedte, lengte, hoogte, en diepte daarvan.
- Maar insig is nog nie alles nie! In die vyfde plek bid Paulus dat hulle Christus se liefde sal ken, dws dit sal **ervaar**, 'n liefde wat eintlik ons begrip en insig te bowe gaan.
- En Paulus sluit in die sesde plek af met 'n gebed dat hulle heeltemal vervul sal word met die **volheid** van God, presies dít wat hy bely het van die kerk in 1:23.

En dit is wat God in hulle sal bewerk, om die waarheid te sê, Hy kan ook nog meer doen as wat Paulus (of ons) kan bid of dink – oneindig meer! Daarom kom alle eer aan God toe, in die kerk, in ons persoonlike lewens, in die wêreld, en tot in alle ewigheid.

LEEF

- Wat is die Here besig om jou te leer?
- Sluit met gebed af – en gebruik miskien vir 'n week hierdie ses bedes as die struktuur van jou gebede: bid vir **krag, geloof, liefde, insig, ervaring** en **volheid** – nie net vir jouself nie, maar vir almal wat jou pad kruis.

Efesiërs 4:1-16 – Om saam in alle opsigte te groei na Christus toe

RUS

- Raak bewus van jou diepste behoeftes.
- Gee dit in gebed aan God.

HOOR

- Lees die Skrifgedeelte.
- Dink na oor wat jou daarin tref.
- Lees my paar verhelderende opmerkings.

Paulus begin hierdie hoofstuk met 'n frase wat baie herinner aan Filippense 1:27: “Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.” In Filippense praat Paulus van 'n ooreenstemming met die *evangelie* van Jesus Christus, hier van 'n ooreenstemming met die *roeping* wat hulle van God ontvang het. Die roeping het dus te make met die wyse waarop die evangelie in die wêreld tot sy reg kom.

En Paulus spel dié lewenswandel waarnatoe hulle geroep is uit in 5 aspekte: *beskeie, vriendelik, geduldig, verdraagsaam* en die *handhawing van eenheid*. Dit is die dinge waarop gefokus moet word in die proses om aan God gehoorsaam te wees.

Let op dat die eenheid vir Paulus belangriker is as die ander aspekte, en dat hy in vers 4-6 die motivering vir eenheid gee deur 7 manifestasies van die eenheid te beskrywe: daar is één liggaam, Gees, hoop, Here, geloof, doop, God en Vader. Daarmee gee hy 'n *Trinitariese* (Gees, Here [Jesus], God [Vader]) sowel as 'n *gemeentelike* begroning van eenheid (liggaam, hoop, geloof, doop). God is een wese, al is Hy drie persone. En die geloofsgemeenskap is een, al is hulle verskillende mense en het hulle selfs verskillende rolle.

Paulus motiveer God se genadegawes met die Messiaanse interpretasie van Psalm 68:19. Dié psalm praat van God as die oorwinnaar wat na Sion toe terugkeer en geskenke ontvang van dié wat verslaan is. Paulus praat van Christus wat neergedaal het uit die hemel na die aarde en die magte verslaan het. As verhoogde en verheerlikte Here vul Hy alles met sy teenwoordigheid en gee aan alle gelowiges genadegawes.

En let op dat die genadegawes aan almal gegee is, omdat alle gelowiges één is. Sommige gelowiges *is* selfs gawes – die begin van ons ampsbeskouing – in terme van hulle rolle: *apostels, profete, evangeliste, herders* en *leraars*. Die eerste 3 kategorieë van gawes was mense wat baie keer gereis het om die evangelie te bring (hoewel sommige evangeliste hulleself ook gevestig het [Hand 21:8]), en die laaste 2 was baie keer meer gevestig in 'n spesifieke werkring.

Maar, hulle almal het net een doel, en dit is om die liggaam van gelowiges toe te rus vir die gebruik van hulle gawes, sodat die kerk in sy doel kan slaag, om in alle opsigte te groei na Christus toe. Soos elkeen sy funksie vervul, bou die liggaam homself op in liefde.

LEEF

- Wat is die Here besig om jou te leer?
- Sluit met gebed af.

Efesiërs 4:17-5:20 – Die Heilige Gees vervul ons om heilig en in liefde te leef

Paulus beweeg nou van die beskrywing van hoe die kerk behoort te werk, na hoe hulle lewens behoort te werk. En in drie perikope beskryf hy hoe dié lewe daar moet uitsien: 1) 'n **heilige lewe** – 4:17-24; 2) 'n **lewe in liefde** – 4:25-5:5; 3) **vervul met die Heilige Gees** – 5:6-20.

'n Heilige lewe – 4:17-24

Dit is interessant vir my dat Paulus se appèl op 'n heilige lewe (vers 24) gebaseer is op wat God reeds vir hulle gedoen het (vers 20), en wat in die kerk se groei na Christus toe geïllustreer word (vers 15-16).

Paulus sê nie vir hulle: kry julle lewens reg sodat julle deel van die kerk en van die gemeenskap van gelowiges kan word nie. Hy sê in teendeel: julle is deel van die kerk en van die gemeenskap van gelowiges – tree dan op as mense van wie dit waar is. Dit is ómdat ons die Here leer ken het, en ómdat ons in 'n gemeenskap van gelowiges tereg gekom het, dat ons eintlik nie anders kan as om regtig te breek met die ou sondige mens in ons, en ons gees en gedagtes nuut kan word.

Ons roeping om as nuwe mense te lewe wat na die beeld van God gespek is, begin by ons insluiting in die liggaam van Christus, iets wat God in ons lewens bewerk het. En dit help my verstaan dat veroordeling van mense vir hulle onkunde of selfs losbandigheid (vers 19) nie help nie, want daardeur druk jy mense weg van presies die plek waar hulle kennis en genesing kan kry. Wat wel ongelooflik belangrik is, is dat ons 'n ernstige beroep op mense kan maak (wat onkundig of losbandig lewe) dat hulle moet optree soos hulle Christus leer ken het, en moet breek met dít wat na regte agter hulle lê.

'n Lewe in liefde – 4:25-5:5

Paulus brei hier uit op hoe só 'n lewe lyk. En hy fokus op baie praktiese aspekte:

- Om die waarheid te praat, veral omdat ons een familie is (vers 25);
- Om nie te sondig as jy kwaad raak, en veral nie lank kwaad te bly nie (vers 26-27);
- Om hard te werk sodat jy iets het om die armes mee te dien (vers 28);
- Om opbouende gesprekke te voer (vers 29);
- Om die Heilige Gees toe te laat jou lewe te beheer (vers 30);
- Om niks te doen wat sleg is nie (vers 30);
- Om goedgesind en hartlik te wees (vers 32);

- Om in liefde te lewe, soos God dit vir ons 'n voorbeeld gegee het (5:1-2);
- Om soos heiliges (dit is die Griekse woord wat met gelowiges vertaal is) te lewe (5:3-5).

Dit herinner aan Paulus se woorde aan die gemeente in Filippi (4:4-9).

Vervul met die Heilige Gees – 5:6-20

Paulus gebruik die baie bekende metafoor van die verskil tussen lig en duisternis om die Efesiërs te help onderskei tussen die onwaarhede waarmee mense baie keer vir ons probeer mislei. 'n Eenvoudige maatstaf is of 'n spesifieke optrede in die lig gedoen kan word, en of jy dit eerder in die donker wil doen, en wil hê dat ander mense nie daarvan weet nie. Laat 'n mens dink aan die riglyne vir Corporate Governance (King) wat insluit dat iets wat jy in 'n maatskappy doen aan die volgende vier toetse onderwerp moet word: deursigtigheid, verantwoordbaarheid, verantwoordelikheid, en billikheid.

Maar dit gaan nie net om 'n eie onderskeiding wat jy moet aanlê om te weet of jy iets mag of nie mag doen nie. Dit gaan oor die liggaam van Jesus Christus wat saam onderskei – let op die meervoud van die voornaamwoorde wat Paulus hier gebruik: “moenie dat iemand *julle* mislei nie”, *Vra julle* voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is”. En daarby moet die lig laat skyn word op dié dinge wat eerder in die geheim en in die donker gehou wil word.

“Wees baie versigtig hoe julle lewe” – vers 15 – veral deur te wete te kom wat die Here wil dat julle moet doen (vers 17).

Vanuit hierdie perspektief van 'n heilige lewe, wat in liefde geleef word, verstaan 'n mens dat Paulus se opdrag om die Heilige Gees toe te laat om hulle te vervul die enigste manier is waarop heiligheid en liefde 'n werklikheid kan word (vers 18). Let ook op dat dit nie net oor die Gees gaan nie, maar ook oor Jesus, die Here (sing tot sy eer), en ook oor die Vader (dank Hom oor alles).

Efesiërs 5:21-6:9 – Ander se belange word eerste gestel in die huwelik, gesin en werkplek

Paulus vervolg om oor die lewenstyl te gesels wat in die huwelik, huisgesin en werksomgewing gehandhaaf moet word – soos hy dit ook in die brief aan Kolosse gedoen het.

Die huweliksverhouding – 5:21-33

Die beskrywing van die huweliksverhouding begin by die algemene opdrag dat Christene uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig moet wees. Mans en vrouens het almal hierdie opdrag. Trouens, in die Grieks word die woord net in vers 21 gebruik en veronderstel in vers 22 waar van die vroue spesifiek gepraat word.

Die Engelse vertaling *submit* (NIV) of *yield* (NCV) vir die Griekse woord *hupotasso* help ons miskien meer as die Afrikaanse vertaling van *onderdanigheid*. Want die idee agter *submit* is **dat die belange van die ander persoon eerste gestel word**.

Ten opsigte van vroue word die onderdanigheid verder uitgespel in terme van hulle huweliksverhouding. Hulle moet die belange van hulle mans eerste stel, soos Christene dit in elk geval vir mekaar doen.

Ten opsigte van mans word die onderdanigheid uitgespel in terme van hulle liefde, die gee van hulleself in versorging. Die Griekse woord is *agapê* wat beteken liefde ten spyte van, dws 'n liefde wat standvastig bly ten spyte van uiterlike of innerlike omstandighede. Die mans moet dus ook hulle vroue eerste stel, soos Christene die in elk geval doen.

Onderdanig wees (*submit*, *yield*) en liefhê (ten spyte van) is dus eintlik voëls van eenderse vere (vgl 1 Kor 7 waar Paulus op soortgelyke wyse praat oor die seksuele verhouding). In albei gevalle kwalifiseer Paulus dit daarby met die frase "soos aan Christus". Die kwaliteit van die huweliksverhouding moet gebaseer word op hoe ons met Christus in verhouding lewe.

Die gesin – 6:1-4

Let op hoe Paulus oor die wet praat en dit uitlê in terme van die gesinsverhoudinge (5de gebod). Hy koppel dit aan die belofte van die Here waaraan seën en 'n lang lewe gekoppel is. Maar die gebod word uitgebrei om dieselfde tipe aanspraak op die ouers te plaas dat hulle "soos die Here dit wil" by hulle kinders betrokke moet wees en hulle versigtig hanteer sodat hulle nie opstandig raak en die dissipline hulle wegdruk nie.

Gesagsgrense word nie deur geloof in Christus opgehef nie, maar sagter gemaak en beperk in terme van die uitkoms daarvan. Kinders moet uiteindelik groot word soos die Here dit wil, en ouers moet alles in hulle vermoë doen om dit reg te kry.

Die werkplek – 6:5-9

Soos huweliksmaats en gesinne teenoor mekaar met eerbied en liefde moet optree, so moet dit ook in die werkplek gebeur, weereens "soos aan Christus". Practicing the Presence of God is nie deur Brother Lawrence uitgevind nie, maar reeds deur Paulus aan slawe voorgeskryf! En eienaar word aangeraai om te dink daaraan dat die Here niemand voortrek nie, en hulle dus nie beter as hulle slawe in die oë van die Here is nie. Belangrike gedagtes vir die tyd waarin Paulus-hulle gelewe het.

Efesiërs 6:10-24 – Soek julle krag in die Here en in sy groot mag

Paulus sluit sy brief af met 'n fokus op wat 'n mens **krag** gee in die publieke stryd om standvastig te bly in en vir die evangelie van Jesus Christus. God is besig om sy een nuwe

mensheid te vestig (hfst 2) en deur die kerk uit te brei (hfst 3-4) en wil deur die krag wat Hy gee, sorg dat die liggaam van Christus die oorwinning sal behaal in die stryd om geestelike lojaliteit in die lewe van mense. Dit is 'n geestelike stryd wat met die ideologieë en verstaansraamwerke van mense en sisteme te make het – polities, ekonomies, en kultureel – sowel as met die kosmiese magte wat daaragter sit.

Dit sluit aan by wat Paulus al vroeër gesê het en bou op die uitsprake van God wat krag gee. Ons het juis nodig dat ons oë oopgaan vir die groot krag wat God in ons ontketen het, soos Paulus al in 1:19 geskrywe het: “Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet ... hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo”!

En die rede waarom dit belangrik is, is omdat dit net God se krag is wat ons in staat sal stel om op ons pos te kan bly en mee te werk aan die vestiging en uitbreiding van die evangelie! Ons voer die stryd nie alleen nie.

Dit is interessant om te sien wat die dinge is waardeur ons die krag van God ervaar en toelaat in ons lewe. Paulus noem 7 maniere, waarvan net een, die Woord, met 'n aanvalswaapen gekoppel word, die swaard:

1. **Waarheid** – in die lig van 5:6-20 het dit te make met die vasstaan in die lig van die waarheid, *teen die onwaarhede* wat mense verkondig (5:6) sowel as om die vrugtelose praktyke van die duisternis aan die kaak te stel (5:11). In ons toewyding aan die waarheid, ervaar ons God se krag wat ons vol maak van Homself. Die waarheid is soos 'n gordel waarmee 'n soldaat sy jurk opgebind het, sodat hy makliker kon beweeg. Dit maak ons vry in ons binneste van verslawing en weerbaar teen versoeking in die publiek.
2. **Vryspraak** (geregtigheid) – dit het te make met die feit dat in Christus ons in die *regte verhouding* met God gekom het, en dat ons nou vrye toegang tot die Vader het. In ons blydschap oor God wat ons aangeneem het, volledig uit genade, ervaar ons die krag om standvastig te bly in die wêreld.
3. **Getuienis** – die bereidheid om die evangelie *na mense* te neem, is 'n kragtige bevestiging van God se werk in jou eie lewe. Dit is soos die skoene aan die voete van die soldaat wat sorg dat hy oor ruwe terrein kan beweeg, met die getuienis van die goeie nuus van die evangelie vir alle mense.
4. **Geloof** – die *vertroue* op God en die afhanklikheid van wat Hy doen, is die enigste manier om die aanslag van die bose af te weer. Dit is soos 'n skild wat jou beskerm teen die brandpyle van die vyand. Let op dat daar nie 'n pyl en boog in die hand van die gelowige is nie, net 'n skild om weerbaar te wees.
5. **Verlossing** (redding) – as vryspraak die objektiewe werk van Christus in ons lewe is om ons in die regte verhouding met God te bring, is verlossing die subjektiewe diep *oortuiging* in ons binneste dat God dit inderdaad goed bedoel met ons en ons vir Homself as kinders aangeneem het. Dié oortuiging funksioneer soos 'n helm op ons kop wat die sentrum van ons lewe, ons brein, beskerm.
6. **God se Woord** – die enigste aanvalswaapen is die *Woord* van die Gees, soos Paulus dit stel. En let op dat die Heilige Gees en die Woord direk aan mekaar gekoppel word. Die een kan nie sonder die ander nie – albei is nodig om regtig in God se wil vir jou lewe te kan wandel.

7. **Gebed** – dit is die aspek waarop die meeste uitgebrei word. Let op dat *gebed* allesomvattend is – by elke geleentheid, gedurig, vir alle gelowiges, vir die evangelie.

Paulus gebruik 'n oorlogsmetafoor (soos Jesaja ook gereeld doen) wat hy uitspel in terme van 'n wapenrusting, gordel, borsharnas, skoene, skild, en swaard. Omdat dit 'n geestelike stryd is wat met dié wapens gevoer word, is die term “geestelike oorlogvoering” gemunt, ongelukkig met 'n inkleding wat min met die teks self te make het.

Kyk weer na die dinge wat Paulus uitlig, en jy sal sien dat sy opdrag nie direk met 'n aanval op die bose magte te make het nie, intendeel, eerder met 'n fokus op drie aardse goed: 1) *mense* aan wie die evangelie verkondig moet word (vers 15), 2) *mense* vir wie gebid moet word (vers 18-19) en 3) *jou persoonlike lewe*, waarin jy vas moet staan in die waarheid, vryspraak, getuigenis, geloof, verlossing, die Woord en gebed. Nie een opdrag het met die kosmiese magte as sodanig te make nie.

Deur vas te staan in die waarheid en die geloof, deur te bid en te getuig word weliswaar die mag van die bose in mense se lewens gebreek – die mag van die politiek, ekonomie en kultuur – maar altyd met werklike mense in die oog. Daarmee ontken ek nie die bestaan van die duiwel en bose magte nie, maar fokus op dít wat die teks van ons vra – en die teks vra nie 'n direkte geveg met die Bose nie, maar 'n betrokkenheid by werklike mense. Selfs die engele skram van 'n direkte geveg met die duiwel weg, sê Judas 8-11. Hoe ons geestelike oorlogvoering dus die kosmiese magte raak, word nie dieper deur Paulus hier uitgespel nie.

Paulus sluit af met die enigste persoonlike woord aan hulle, oor Tigikus, die getroue dienaar, wat hulle persoonlik sal inlig oor Paulus se situasie, en waarskynlik ook vir hulle die brief sal bring (soos ook die ander gevangenskap briewe).

Selfopofferende versus selfbevredigende liefde

*Ek het 'n navraag gekry oor Efesiërs 5:1-5 en die wyse waarop Paulus oor “**onsedelikheid**” skryf. Ek het dit kortliks op Bybelskool geantwoord. Ek het egter toe 'n bietjie verder gaan dink hieroor, veral in die lig van die onlangse Barna verslag wat ek gelees het oor die Amerikaanse samelewing wat nie meer met absolute morele kodes werk nie.*

Ek dink Paulus help ons in sy brief aan die Efesiërs om dié uitdaging die hoof te bied. Ek gee daarom dié paar opmerkings as stof vir julle eie nadenke hieroor:

Paulus kontrasteer in Efesiërs 5:1-5 selfopofferende liefde met selfbevredigende liefde.

“Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was. Soos dit gelowiges betaam, moet daar van

ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie. Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle. Dit moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is—want gierigheid is afgodery—het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie.“

Dit is duidelik dat die rigting van dié twee liefdes heeltemal teenoorgesteld is:

- Selfopofferende liefde is geskoei op die **liefde van Jesus** wat Homself vir ons aan die kruis opgeoffer het. Dit het geen seksuele konnotasie nie.
- Selfbevredigende liefde daarenteen is geskoei op die **liefde vir jouself** en die bevrediging van jou eie behoeftes. Dit het veral met seksuele begeertes te make.

“*Onsedelikheid in enige vorm*”, soos die NAV dit hier vertaal, is in dié konteks dus om seksueel immoreel op te tree, d.w.s. sonder geestelike of morele waardes of norme. Jy bepaal die norme vir jou lewe volgens jou eie begeerte. God het daarin geen sê nie.

Onsedelikheid is hier verwant aan ontug, gierigheid en afgodery, d.w.s. 'n lewenstyl waarin jou behoeftes sentraal staan en jou lewe draai om die bevrediging daarvan. En dit staan teenoor die liefde waarmee Christus ons liefgehad het en Homself vir ons geoffer het.

Dit is die tipe liefde, selfopofferende liefde, wat ons teenoor mekaar moet vertoon. Nie die liefde, selfbevredigende liefde, vir onself soos dit in onsedelikheid, ontug, en gierigheid na vore kom nie.

Die Griekse woord wat hier gebruik word vir “*onsedelikheid*” is “**akatharsia**” en word behalwe hier in Efesiërs 3:5 ook op die volgende plekke gebruik (min of meer in datumvolgorde aangehaal):

- **1 Tessalonisense 4:7** – “*onsedelik*”. Paulus kontrasteer 'n onsedelike lewe in sy eerste brief in die NT met 'n heilige lewe waarin God se norme die deurslag gee. Ons seksuele lewe moet *coram Deo*, gelewe word, voor God en volgens sy norme.
- **Galasiërs 5:19** – “*onreinheid*”. Paulus gebruik hier “*akatharsia*” saam met 'n ander woord “*porneia*” soos hy dit gereeld in die NT doen, en kontrasteer dié lewe in die vlees wat gemik is op selfbevrediging, met 'n lewe in die Gees wat deur die vrug van onder andere die liefde, vreugde en vrede gekenmerk word, omdat dit op God gerig is en vanuit die verhouding met Hom geleef word. Die Gees moet ons lewe bepaal, nie ons begeertes nie.
- **2 Korintiërs 12:21** – “*onreinheid*”. Paulus skryf hier in sy vierde brief aan die Korinte (ons 2 Korintiërs) met 'n stuk amper wanhopige verleentheid oor die feit dat hulle nie geluister het na hom in sy eerste drie briewe aan hulle dat hulle hulle sedelike lewe in lyn moet kry met die feit dat die Gees nou in hulle as sy tempel bly nie: “*Ek is ook bang dat wanneer ek weer kom, my God my by julle in verleentheid sal bring en dat ek sal moet treur oor baie van julle wat geruime tyd al 'n sondige lewe lei en wat oor hulle onreinheid, ontug en losbandigheid nie tot berouvolle inkeer gekom het nie.*” Onthou dat hy in sy tweede brief (dit is ons 1 Korintiërs; sy eerste brief het verlore geraak [1 Kor. 5:9]) hulle aangespreek het oor twee mense wat in bloedskande saamleef (1 Kor. 5) en uitgespel het dat hulle nie enige

onsedelikheid moet toelaat nie (1 Kor. 6) en óf in die huwelik óf in die selibaat tot hulle reg moet kom (1 Kor. 7).

- **Romeine 1:24** – “*sedelike onreinheid*”. Paulus skryf hier in ’n konteks waar hy onder andere selfdegeslag seksuele gedrag afwys, maar ook ’n hele rits ander sondes. Daarmee wys hy onomwonde uit dat ons almal verlossing nodig het in Christus (Rom. 3), sodat ons deur die Gees die werke van die vlees kan doodmaak (Rom. 8) en: “*ons liggame as ’n lewende, heilige en aanneemlike offer vir God aan te bied*” (Rom. 12:1 – Bybel Direkte Vertaling – BDV).
- **Romeine 6:19** – “*sedelike onreinheid*”. Dit is deel van Paulus se hele argument vanaf Romeine 1 dat ons liggame nie ter wille van onself en die bevrediging van ons behoeftes gebruik moet word nie, veral nie op ’n wettelose en losbandige manier nie: “*Soos julle julle ledemate in diens van onsedelikheid en losbandigheid gestel het om losbandig te lewe, so moet julle nou julle ledemate in diens stel van die geregtigheid om heilig te lewe.*” Ons is immers nie meer slawe van die sonde nie. Ons is vrygemaak om die Here te kan dien en onder ’n verpligting om die praktyke van die liggaam dood te maak (Rom. 8:13).
- **Kolossense 3:5** – “*onreinheid*”. Weereens word “*akatharsia*” in kombinasie met “*porneia*” (“*onsedelikheid*”) gebruik en as deel van die ou lewe geskets wat ons moet aflê om die lewe van die nuwe mens te leef waarin ons vernuwe word na die beeld van ons Skepper en aan ons oorspronklike bedoeling as mense kan beantwoord.
- **Efesiërs 4:19** – “*losbandigheid*”. Paulus skryf hier oor: “*’n onversadigbare drang aan losbandigheid*” om “*alles wat vuil is*” te doen. Soos in die brief aan die Kolossense word dit as deel van die ou lewe geskets wat versak moet word, sodat die nuwe lewe in Christus omhels kan word.
- **Openbaring 17:4** – “*onreinheid*”. Ook Johannes skryf hieroor en gebruik die verwante Griekse woord “*akathartes*” en gebruik dit in die frase: “*die onreinheid van haar onsedelikheid*”, weereens in kombinasie met die ander woord vir “*onsedelikheid*” – “*porneia*”. Daarmee skets hy die tipe onsedelike samelewing waarin Christene hulle pad moet vind om heilig te lewe, ’n goeie beskrywing van presies die situasie wat vandag veral in die Westerse samelewing die geval is.

Die punt van al hierdie tekste oor “*onsedelikheid*” en “*onreinheid*” is dat ons as kinders van die Here ’n onvervreembare verpligting het om in alles, ook in die wyse waarop ons ons liggame gebruik en inspan, die Here te dien en ’n heilige lewe te